

Enkele Wenke Oor Die Skryf Van Gedigte.

deur Jopie Koen

WOORDEKONOMIE:

'n Gedig behoort altyd gekenmerk te word deur die gebruik van woordekonomie. Probeer om sover moontlik so min moontlik woorde te gebruik om 'n gedagte mee uit te druk. Dit beteken nie dat alle gedigte kort moet wees nie, moet net nie onnodig baie woorde gebruik om gedagtes mee uit te druk nie. Die digter Johann de Lange het by geleentheid gesê 'n mens moet bereid wees om jou "heel mooiste woord of reël" uit 'n gedig te haal indien die gedig daarby kan baat vind.

VERSKIL TUSSEN PROSA EN POËSIE:

Wees versigtig om nie 'n stuk prosa bloot in korter reëls te skryf en dit dan as poësie te beskou nie. Poësie behoort altyd gekenmerk te word deur bindingsmiddele waarvan daar te veel is om almal hier op te noem. Enkele daarvan is die volgende: Rym, langer en korter reëls, die gebruik van strofes asook klanktegnieke soos bv. alliterasie (kleure en klanke). Dit spreek natuurlik vanself dat al die verskillende bindingsmiddele nie in elke gedig aangetref word nie.

ONNATUURLIKE WOORDORDE:

Vermy die gebruik van onnatuurlike woordorde ter wille van onder andere rym. 'n Gedig moet nog steeds verstaanbaar wees net soos normale spraak, gebruik dus steeds die normale orde van woorde.

SKAAF AAN ELKE GEDIG:

Hoewel dit soms gebeur dat 'n gedig met die eerste skryf byna afgerond op die papier beland, is dit die uitsondering meer as die reël. Wees altyd bereid om aan jou gedigte te skaaf en te verander ten einde 'n beter eindproduk te kry. 'n Goeie gedig sal nie breek nie.

DIE GEBRUIK VAN RYM:

Rym behoort altyd met groot omsigtigheid hanteer te word. Net soos rym 'n wonderlike hulpmiddel kan wees in 'n gedig, kan dit ook afbrekend wees indien dit verkeerd hanteer word. Een van die belangrikste riglyne by die gebruik van rym, is dat die leser rym byna net op 'n onbewustelike vlak behoort waar te neem. Rym moet dus onopsigtelik wees en nie oorheersend nie. Rym bly slegs net een van baie hulpmiddels wat die ondersteuning van die woorde of boodskap in die gedig as funksie het.

DIE REGTE WOORD:

'n Gedig behoort sò geskryf te word dat elke woord wat daarin gebruik word, onvervangbaar is. Dit is een van die redes waarom 'n gedig nie sommer net gebeur nie, die skryf van 'n gedig is werk wat tyd neem juis omdat die skryf van 'n gedig grootliks bestaan uit die soek na woorde - en nie sommer die eerste beste woord wat voorkom nie - presies die regte woord. Sheila Cussons verwys na hierdie proses in haar gedig "Akwaties."

AKWATIES

*Ek wil woorde hê, subtieler
as woorde, subtiel soos
'n blik of 'n fyn gebaar,
iets vinnigs en onverwags
soos 'n nat paddatjie
op 'n boek. Hoe geniaal kan
'n oog nie kyk, 'n hand bedui,
hoe dadelik spring begrip.
O borrels, blink borrels, ondertaals.*

Ook NP van Wyk Louw verwys na hierdie proses in die volgende gedig:

DIE BEITELTJIE

*Ek kry 'n klein klein beitelkje
ek tik hom en hy blink;
toe slyp ek en ek slyp hom
totdat hy klink en blink.*

SKRYF FUNKSIONEEL:

André Brink het by geleentheid oor die skryf van prosa die volgende gesê:

"Alles wat nodig is moet daar wees en alles wat daar is, moet nodig wees. In elke moment van die verhaal staan die hele verhaal op die spel."

Dieselfde geld ten opsigte van die skryf van gedigte. Alles wat jy in jou gedig gebruik, moet funksioneel wees - dit geld elke woord, reël wat oorgelaat word, elke hoofletter en elke leesteken. Juis om hierdie rede en as gevolg van die feit dat 'n gedig so kompak is, is dit belangrik om te onthou dat alles wat jy in die gedig doen, vir die leser iets moet sê. As jy dus dwarsdeur die gedig streng hou by 'n sekere patroon (byvoorbeeld net tweereël-strofes) en skielik gebruik jy 'n strofe met drie reëls, kan die leser met reg soek na 'n rede vir die afwyking.

VEREISTES VIR 'N MANUSKRIP

Die dae toe 'n skrywer sy manuskrip met 'n stomp potlood op lyntjiespapier kon neerpen en net so aan 'n uitgewer voorlê, is lankal verby. Hierdie ís na alles tog die eeu van die rekenaar!

Uitgewers het nie baie tyd tot hul beskikking nie, dus verkies hulle dat manuskripte aan sekere vereistes moet voldoen ten einde die lees daarvan te vergemaklik en dus tyd te bespaar.

Nie alle uitgewers het presies dieselfde vereistes nie, maar die volgende riglyne behoort vir die meeste voldoende te wees.

1. Getik of rekenaargedruk op A4-grootte wit papier.
2. Gebruik verkieslik 'n nie-proporsionele 10-punt font, waar die "i" net soveel plek as die "w" in beslag neem.
3. Dubbelspasiëring.
4. Laat 'n strook van ongeveer 2,5cm (1") aan die kante, bo, en onder oop.
5. Die bladsye moet nié aan mekaar gekram wees nie, maar los van mekaar wees.
6. Skryf 'n begeleidende briefie waarin jy meld wie en wat jy is, waar jy gekontak kan word, en gee 'n KORT beskrywing van waaroor die manuskrip handel.
7. Sluit 'n koevert in, aan jouself geadresseer en met genoeg seëls daarop, sodat die uitgewer die manuskrip aan jou kan terugstuur indien hy nie nut daarvoor het nie.

Voorspoed!

KURSUSSE

ATKV-SKRYFSKOOL:

Die PU vir CHO in samewerking met die ATKV bied jaarliks kursusse vir verskeie vorme van die skryfkuns aan.

Vir verdere inligting kontak:

Die Direkteur

ATKV-skryfskool

PU vir CHO

POTCHEFSTROOM

2520

Telefoon: (0148) 2991783

[Of besoek die ATKV Skryfskool via die internet](#)